

7 Januarie

## Die goeie nuus van 'n splinternuwe manier van lewe

**Skrifgedeelte: Romeine 5:1-11**  
**Fokusgedeelte: Romeine 5:1, 2**

Hoofstuk 5 tot 8 bring jou by 'n nuwe deel van Romeine. In hoofstuk 1 tot 4 is die vraag beantwoord: Hoe kan 'n mens wat voor God skuldig is, onskuldig verklaar word? In Romeine 5 tot 8 weerklink die goeie nuus van die splinternuwe lewe van vrygespreekte mense. Laat ons prakties wees en van naderby bekyk hoe vrygespreekte mense, wat nie hulle vryspraak kan bewerk of verdien nie, lyk. Romeine 5:1-4 sê die goeie nuus is:

- *Vers 1: God het jou vrygespreek, omdat jy glo.*

Dit is 'n afgehandelde gebeurtenis wat in elke Christen se lewe uitstaan. Dit is ongelooflike goeie nuus. Jy hoef nooit hieraan te twyfel nie, omdat dit God se werk is, in Christus Jesus volvoer.

- *Vers 1: Jy het vrede by God.*

Jy het vrede, omdat jy deur die geloof vrygespreek is. Vrede met God beteken dat jy met Hom versoen is. Jou verhouding met Hom is in orde. Daar is geen vyandskap meer nie, want jou sonde staan nie meer tussen jou en Hom nie. Jou Middelaar, Jesus Christus, het God se toorn en straf op die sonde volledig gedra.

- *Vers 2: Jy staan vas in die genade.*

Met die vaste wete dat jy deur God se genade omring word, kry die lewe nuwe betekenis. Jy staan stewig, nie in eie krag nie, maar kinderlik oortuig van jou genadevryspraak deur Jesus Christus.

- *Vers 2: Jou blydschap is opvallend.*

Jy dink met blydschap oor die toekoms, want jy hoop op die heerlikheid wat God sal gee. Jy kan werklik hoopvol lewe en nie net daarvoor droom nie. Die werklikheid verdwyn nie soos 'n reënboog as jy naderkom nie, maar word lewend in jou bevestig deur die liefde van God wat Hy deur die Heilige Gees in jou hart uitgestort het.

Blydschap is die Godskind se manier om sy lewe te verander, in so 'n mate dat jy jou ook oor swaarkry kan verheug. Vir 'n vrygekoopte is swaarkry deel van sterker word en 'n leerskool om te volhard. Volharding is op sý beurt 'n suiwering van jou geloof.

Met alles wat elke dag inhou, kan jy met oorgawe vorentoe, omdat jy daarvoor bly is dat God vir jou versoening bewerk het. Dit is die God, wat ewig lewe, wat jou nou en vir altyd vrygespreek het en sy liefde nooit aan jou sal onttrek nie. Besef jy elke dag hoe groot sy genade is?

*Sing: Ps 33:2*

*Dr. PH Heystek (Pretoria-Montanapoort)*